

3 Johannes – Christelike gasvryheid (vervolg) – Francois Malan

10 Die oudste belowe dat hy die gemeente persoonlik kom besoek oor die optrede van Diotrefes. Hy wys op vier verkeerde optredes van Diotrefes wat hy tot verantwoording gaan bring; dit behels (i) 'bose woorde' – hy het 'n kwaadwillige tong; daarmee versprei hy slegte stories oor ons, oor die oudste en sy medewerkers, van dinge wat hy niks van weet of verstaan nie (die werkwoord vir 'versprei,' *fluareo*, beteken eintlik dit wat hy sê maak geen sin nie, waarskynlik uit onkunde – hier oor die betekenis van Christus as Seun van God wat mens geword het); (ii) nie slegs sy woorde nie, maar ook sy optrede is verkeerd: hy weier konstant om die medegelowiges by hom aan huis te ontvang; (iii) en dié wat dit wil doen, belet hy telkens om dit te doen; (iv) en hy jaag die lidmate wat nie na hom wil luister nie, uit die gemeente.

Selfliefde bederf en vernietig alle verhoudings. Gelowiges word geroep om soos Jesus lief te hê, wat sy lewe vir sy vriende gegee het. Jesus het geê: Elkeen onder julle wat die eerste wil word, moet almal se dienskneg wees. Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie (Mk 10:44-45). Daarvan het Diotrefes geen benul nie.

11 'Geliefde (Gajus), moenie die kwaad navolg nie, maar die goeie' – navolg (letterlik na-aap, 'mimiek'); dit is 'n algemene stelling, maar 'die kwaad' het duidelik die voorbeeld van Diotrefes se optrede in gedagte, en 'die goeie' die karakter en optrede van Demetrius (v12). Die voorbeeld van Christus is die maatstaf vir die goeie (vgl. 1 Jn 2:6; 4:17).

Die oudste waarsku vir Gajus om nie die voorbeeld van Diotrefes te volg nie. Diotrefes word in sy wese en optrede duidelik nie deur God gelei nie. Uit 'n mens se optrede blyk sy wese – of hy uit God is of nie.

'Wie goed doen is uit God...' is 'n weerklank van 1 Jn 3:9: Elkeen wat uit God gebore is, leef nie meer in sonde nie omdat God se saad in hom bly – nl. die Heilige Gees – en hy kan nie meer aanhou sonde doen nie, omdat hy uit God gebore is – sy wedergeboorte uit God bepaal nou sy lewe.

'Wie kwaad doen, het God nie gesien nie.' Die perfektum-werkwoord sê dat hy nog nooit vir God gesien het nie, en die gevolge daarvan kan in sy lewe gesien word. Dit is 'n weerklank van 1 Jn 3:6b: Elkeen wat aanhou sondig het Hom nie gesien en Hom leer ken nie. Die 'sien' van God verwys hier na die huidige intieme verhouding met God, vgl. 1 Jn 4:12: Niemand het God ooit aanskou nie. As ons mekaar liefhet, bly God in ons, en het sy liefde in ons tot vervulling gekom. In Jn 14:9 sê Jesus vir Filippus: Wie My gesien het, het die Vader gesien. Om in Jesus te glo is om God te 'sien' deur Jesus. Dit gaan om die innerlike oog van die geloof.

12 Demetrius ('wat aan Demeter behoort,' die Griekse godin van die oes) was eers 'n heiden, maar nou getuig almal, die hele gemeente, positief oor Demetrius, ook die waarheid self – soos dit uit sy getuienis oor Jesus en sy optrede duidelik blyk. Ook Johannes en sy groep werkers getuig so oor hom. Gaius weet dat die getuienis van Johannes en sy groep oor Demetrius die waarheid is – want Gaius het Demetrius ook so leer ken. Demetrius is inderdaad 'n man wat in die waarheid wandel. Gajus kan hom volg in dié gemeente wat tans deur Diotrefes oorheers word.

13-14 Die slot van die brief lyk baie soos die einde van 2 Jn.

Die oudste wil dringend met Gajus alleen praat as hy daar kom, en wil dit nie met ink en pen doen nie. Die krisis in die gemeente moet reggestel word en hulle moet saam praat oor wat gedoen moet word.

15 'n Driedelidige groet sluit die brief af: (i) Vrede vir Gajus as persoon – dit is die vrede van God wat deur Jesus bewerk is: Jn14:27 My vrede gee Ek julle; (ii) Die oudste se groep vriende (van die waarheid) groet vir Gajus (iii). Gaius moet die groete oordra aan die vriende (van die waarheid) by hom, 'by die naam' – aan elkeen persoonlik.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)